Predikante Pensioenfonds van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika Beleggingsgekoppelde Lewende Annuïteit

Produkaanbod

Die fonds het Sanlam Korporatief aangestel om ‘n beleggingsgekoppelde annuïteit as deel van u fonds se annuïteitstrategie te verskaf. Die voorgestelde annuiteit word deur Sanlam onderskryf.

Beleggingsgekoppelde Lewende Annuïteite

‘n Beleggingsgekoppelde lewende annuïteit is ‘n markgekoppelde annuïteit wat nie enige gewaarborgde inkomste bied nie. Die markwaarde van die lewende annuïteit wissel, afhangende van die prestasie van die gekose onderliggende beleggingsportefeuljes. By aanvang en jaarliks daarna kan die annuitant die vlak van inkomste wat uit die beleggingsportefeuljes onttrek gaan word, kies.

Minimum beleggingsbedrag

Die minimum beleggingsbedrag is R247 500.

Bykomende bydraes word toegelaat, mits die bydraes vanaf ‘n ander pensioenfonds, voorsorgfonds of aftreefonds ontvang word.

Inkomste-/Onttrekkingskoerse

Die onttrekkingskoers is die vlak van inkomste wat deur die annuitant gekies is, uitgedruk as ‘n persentasie van die totale batewaarde in die produk. Die annuitant word wetlik verplig om ‘n inkomste van tussen 2,5% en 17,5% per jaar te neem. Die inkomste word uit die onderliggende portefeuljes betaal en word ooreenkomstig die annuitant se persoonlike inkomstebelastingskaal (LBS) belas.

Kommunikasie (aan annuïtante)

Sanlam sal die annuitant van die volgende voorsien:

- ‘n Polisdokument.
- Skriftelike bevestiging van sy/haar belegging.
- ‘n Jaarlikse brief aangaande hersiening van inkomste.

Beleggingstrategie

Fondse word belê in ‘n kombinasie van portefeuljes bestaande uit ‘n verskansings- en ‘n markverwante komponent.

Verskansingskomponent

‘n Keuse van portefeuljes wat beskerming bied teen negatiewe beleggingsmarkte en ‘n batetoewysingstrategie wat daarop gemik is om opbrengste wat inflasie plus 3% klop oor tydperke van meer as 3-jaar te lewer. Die gedeelte bates wat aanvanklik in die verskansingskomponent belê word, word in ooreenstemming met die aanvanklike onttrekkingskoers vasgestel. By aanvang word ‘n toewysing van 5 keer die aanvanklike onttrekkingskoers (d.w.s. 5 keer die jaarlikse vereiste inkomste wat die annuitant uit die produk wil onttrek) in die verskansingskomponent gehou. Die inkomste (pensioen) word uit die verskansingskomponent betaal. Die toewysing tussen die verskansingskomponent en die markverwante komponent word jaarliks herbalanseer sodat:

- minstens een jaar se pensioen uit die verskansingskomponent onttrek kan word;
- met ‘n minimum van 12,5% van die totale batewaarde in die verskansingskomponent; en
- ‘n maksimum van 40% van die totale batewaarde in die verskansingskomponent.

Die doel van die toewysing aan die verskansingskomponent is om die volgorde-risiko wat die mees algemene by aftrede is, te verminder. Volgorde-risiko is die impak van wisselvalligheid op beleggingsopbrengste op die waarde van die bates. Dit is belangik omdat konstante disinvestering in die vorm van pensioenonttrekkings plaasvind. Sodanige risiko is die mees algemene by aftrede omdat ‘n markineenstorting kort ná aftrede nie ruimte vir herstel laat wanneer groot pensioene onttrek word nie, veral wanneer annuïtante nog ‘n lang lewensverwagting het.

Markverwante komponent

‘n Keuse van matig aggressiewe tot aggressiewe portefeuljes, waar die batetoewysingstrategie daarop gemik is om opbrengste wat inflasie klop plus 5% op lang termyn te lewer. Die meeste van die bates word in die markverwante komponent belê, wat daarop gemik is om reële opbrengste op lang termyn te verseker. Markwisselvalligheid op kort termyn wat die markwaarde van die markverwante komponent raak, behoort nie die annuïtant te bekommer nie. Dis omdat inkomste nie uit hierdie komponent onttrek word nie en die onderliggende bates gevolglik ná ‘n markineenstoring tyd het om te herstel. Lede kan belê in die portefeuljes wat hieronder gelys word en deel vorm van die markverwante component.

Beleggingsopsies beskikbaar aan annuïtante

Verskansingskomponent

- Sanlam Stabiele Bonusportefeulje
- Sanlam Maandelikse Bonusfonds
- Sanlam Progressiewe Uitgestrykte Bonusfonds

Markverwante komponent

Enkelbestuurderportefeuljes

- SIM Gebalanseerde Fonds
- SIM Gematigde Absolute Fonds
- Sanlam Allan Gray Wêreldwye Gebalanseerde
- Sanlam Coronation Houseview

Multibestuurderportefeuljes

- SMM NUR Gebalanseerde Fonds
- SMM70
- SMM Groei Absolute Fonds
- SMM Uitgesoekte Gebalanseerde Fonds

Passiewe Portefeulje

- Satrix Enhanced Balanced Tracker Fund

Beleggingsportefeuljes en Fooie (sluit BTW in)

Naam van portefeulje	Fooie
Sanlam Stabiele Bonusportefeulje	0,425%
Sanlam Maandelikse Bonusfonds	0,425%
Sanlam Progressiewe Uitgestrykte Bonusfonds	0,805%
SIM Gebalanseerde Fonds	0,700%
SIM Gematigde Absolute Fonds	0,700%
Sanlam Allan Gray Wêreldwye Gebalanseerde	1,250%
Sanlam Coronation Houseview	1,100%
SMM NUR Gebalanseerde Fonds	0,950%
SMM70	0,800%
SMM Groei Absolute Fonds	0,800%
SMM Uitgesoekte Gebalanseerde Fonds	0,950%
Satrix Enhanced Balanced Tracker Fund	0,360%

- *Die bogenoemde portefeuljes, uitgesonderd die SMM NUR Gebalanseerde Fonds, kan prestasiefooistrukture hê wat bo en behalwe die gekwoteerde fooie is.*
- *In die geval van die Sanlam Allan Gray Wêreldwye Gebalanseerde Fonds is prestasiefooi wat wissel van 0,5% tot 2,5% p.j. van die waarde van die buitelandse komponent van toepasing, met fooie van 1,5% p.j. vir die opbrengs gelykstaande aan die rigpunt. Vaste fooie van 0,15% is ook op die buitelandse deel van die portefeulje van toepassing.*

Waarborgfooie

Naam van portefeulje	Fooie
Sanlam Stabiele Bonusportefeulje	0,900%
Sanlam Maandelikse Bonusfonds	1,600%
Sanlam Progressiewe Uitgestrykte Bonusfonds	0,700%

Administrasie- en Voorligtingsfooie (BTW uitgesluit)

Die annuïtant betaal administrasie- en voorligtingsfooie, wat afhang van die grootte van die belegging, uit hul kapitaalsaldo. Die Fonds kies onafhanklike finansiële advies om u behulpsaam te wees wanneer u aftree. Die adviseursfooi is bykomend tot die ondergenoemde fooie en word beperk tot 0,5%.

Beleggingsbedrag	Fooie
Op die eerste R2m	0,400%
Op die volgende R1m	0,350%
Op die volgende R4,5m	0,200%
Daarna	0,125%

Dood van die annuïtant

Wanneer die annuïtant wat die lewende annuïteit ontvang, te sterwe kom, is die sterftevoordeel betaalbaar aan die begunstigdes wat deur die annuïtant benoem is. Die begunstigdes het die volgende opsies:

- Volle voordeel (minus belasting) beskikbaar in kontant.
- Volle voordeel oorgedra na ‘n lewende annuïteit of lewensannuïteit.
- Kombinasie van albei opsies.

Dokumente wat benodig word vir die lewende annuïteit aansoek te doen

Die volgende dokumente moet aan Sanlam voorsien word:

- Aansoekvorm
- Bewys van betaling
- Bewys van registrasie by die SAID

Die volgende dokumente is slegs van toepassing op persoonlike adviseurs:

- FAIS-dokumente
- Artikel 37-dokumente

LW: Erkenning van oordrag is nie verpligtend by ‘n lewende annuïteit nie.

Vir ‘n kwotasie en meer inligting

Stuur asseblief ‘n e-pos na AnnuitySupport@sanlam.co.za.

Indien u enige vrae het of hulp verlang, skakel asseblief Individuele Lidondersteuning by 0800 247 248.

Sanlam Lewensversekering Bpk is ‘n gemagtigde verskaffer van finansiële dienste. Die dokument is slegs ter inligting en is nie bedoel as rekeningkundige, belasting-, beleggings-, regs- of ander professionele advies of dienste nie. Uitvoering moet nie aan hierdie inligting gegee word voordat geskikte professionele advies nie eers verkry is nie. U gebruik hierdie dokument en die inligting daarin vervat op eie risiko en nóg Sanlam nóg enige van sy filiale is verantwoordelik of aanspreeklik vir enige verlies, skade (regstreeks of onregstreeks) of onkoste van enige aard, hoe dit ook al mag ontstaan nie.